SABT-transaksies nou aanlyn

Bron: Webredakteur
Datum: 21 Februarie 2008

Die meeste van die dokumentasie wat lede nodig het om transaksies met die SABT aan die gang te sit, is nou op die webtuiste beskikbaar.

Die Uitvoerende Komitee het besluit om hierdie diens in te stel as deel van hulle strategie om kommunikasie tussen lede en die Vereniging aansienlik te verbeter en te vergemaklik.

Die volgende transaksies kan nou aanlyn gedoen word vir direkte verwerking deur die SABT-kantoor:

- Geboortekennisgewings (Kennisgewing van werpsel).
- Lidmaatskaphernuwings.
- Lidmaatskapaansoeke.

Vorms wat ook op die web beskikbaar is, maar wat nog nie gekoppel is nie, kan gedruk en per hand voltooi word. Daarna word dit eenvoudig per faks of e-pos (as jy ‘n skandeerder het) ingedien. Hierdie proses sal ongetwyfeld heelwat telefoonoproepe en faksboodskappe tussen lede en die Kantoor uitskakel. Hierdie vorms is:

- Bestelvorm vir alle dienste.
- Studads-subskripsievorm.
- Mini-ads subskripsievorm (nuwe afdeling om hondjies te koop te adverteer).
- Vaginal hiperplasie-ondersoekvorm (druk vir voltooiing deur veearts).

Let asseblief daarop dat die SABT geen transaksie sonder bewys van betaling sal verwerk nie. Alle tariewe word op die ‘Bestelvorm’ aangedui.

Klik op Download vir die onderskeie vorms

Die beste nuus is dat dit net die korttermynplan is. Die Webredakteur en ons IT-ontwikkelaar sal voorstelle en kwotasies indien vir ‘n algehele herontwerp om die webtuiste meer gebruikersvriendelik en funksioneel te maak. Dit impliseer egter ‘n aansienlike uitgawe en die SABT sal alle moontlike bronne van inkomste ondersoek om die webtuiste selfbetalend te maak. Voorstelle van lede is baie welkom!